# BEd 2 Uitstalling: Die Konstruksie van Aanvangskennis d.m.v Geïntegreerde Leer

Op 5 Mei 2015 het studente die geleentheid gehad om hul groeppogings t.o.v "Die Konstruksie van Aanvangskennis d.m.v Geïntegreerde Leer in Graad R" tentoon te stel.



Die doel van hierdie uitstalling was om inligting te deel oor een van die BEd2 modules (Graad R Teorie en Praktyk) en hoe dit aan studente duidelikheid, versekering en opsies bied om die Konstruksie van Aanvangskennis prakties toe te pas in Graad R.

Deur die woordeskat en aanvangskennis van die inhoudsvakke van die skoolkurrikulum aan te leer beteken nie dat spelgebaseerde en ander toepaslike en effektiewe Graad R-onderrigmetodes ter syde gelaat word nie. Dit beteken net dat Graad R-onderwysers die leerervaringe t.o.v aanvangskennis as die begin van die leerkontinuum vir akademiese leer beskou.




Die uitstalling is deur passievolle student-onderwysers en ervare Graad R-onderwysers van verskillende onderwysdistrikte bygewoon.